Pretoria - ……..

Skriflesing: Exodus 34:1-9; Romeine 3:21-31
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 2 paragraaf 1 en 2**
Teks: Exodus 34:6-7
Sing- Ps. 74:2,16; Ps. 118:7,8; Sb.10:1,2

God is barmhartig, maar ook regverdig. Broeder en suster vir ons as mense is dit baie keer moeilik om te verstaan hoekom het God nie maar ons sonde oorsien nie. Hoekom het Hy geeis dat daar aan sy reg voldoen moet word?! Kon God nie maar die mens oorgesien het nie, want as Hy ons waarlik sy liefde wil skenk dan kan sy reg mos maar onder die liefde buig? Mense wat met hulle eie duistere verstand en redenasies dinge wil uitwerk mag dalk so wil redeneer, maar in die tweede hoofstuk van die Dordtse Leerreëls word daar nie op menslike manier na reg en liefde gekyk nie.

Née, soos wat die eerste hoofstuk van die Dordtse Leerreëls wou handel oor hoe God reg is in wat sy uitverkiesing en wat sy verkiesende genade in ons lewens beteken, net so sal hoofstuk 2 van die Dordtse Leerreëls weer wil handel nie net dat daar op die regte manier na die uitverkiesing gekyk sal word nie, maar daar moet ook op die regte manier na God se liefde gekyk word. In Exodus 34:6-7 wanneer die Here by Moses verby beweeg dan is daardie duidelike uitspraak wat ons op geen manier mag mis nie- Ons lees- *En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.*

God se barmhartigheid mag nie sy geregtigheid wil omkeer nie, net soos wat God se regverdigheid ook nie sy barmhartigheid sal kan inperk nie. Soos wat God één is, so is dit wat ons hier bely ook één! God se reg en God se liefde is een… Dit sou baie verkeerd wees as ons maar dink dat God eienskappe sou hê wat met mekaar in konflik is. In Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dan staan dit ook duidelik**- Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.**

Hier bely ons baie duidelik dat die God wat regverdig is en die God wat goed is, wat ’n alleroorvloedigste fontein is van alles wat goed is, kom in een stroom uit ons belydenis na

ons soos heerlike fonteinwater oor ons uitgegiet. God se barmhartigheid en sy straffende geregtigheid is nie met mekaar in teenspraak nie. In Artikel 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis staan dit duidelik dat God is barmhartig en regverdig, juis ook waar dit oor die uitverkiesing gehandel het.

Daarom dat hoofstuk 2 van die Dordtse Leerreëls hierop dieper wil ingaan- Die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit as volg- **Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het.**

***

God is 'n enige Here, één God, wat nie teenoor party mense sy regverdigheid bewys en teenoor andere sy barmhartigheid nie. Nee, asof mense God nou op verskillende maniere moet leer ken, née elke mens moet van God dieselfde bely, uit een mond moet ons kan sê soos wat die openbaring aan Moses ook was- … *barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag.*

God is 'n God wat vergewe, staan duidelik hier- *wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe…* terwyl daar dan dadelik hierby gevoeg word, dat hierdie ongeregtigheid en oortreding en sonde NOOIT ONGESTRAF KAN BLY NIE. In Nahum 1:3 staan dit ook duidelik- *Die HERE is lankmoedig, maar groot van krag; en nooit laat die HERE ongestraf bly nie.* God handhaaf sy Wet en juis omdat die Wet gehandhaaf moet word, anders word God aan Homself ontrou, sal God al die oortredinge wat daar teen sy Wet is nie maar ongestraf kan laat nie. In Deut. 27:26 staan dit reeds uitgeskryf- *Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen.* Hierby staan ook Galasiërs 3:10- *Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.*

Die straf oor die sonde sou nooit ongestraf kon bly nie. Soos ons in Sondag 4 van die Kategismus dit baie duidelik hoor- **Die geregtigheid van God eis dat die sonde nie ongestraf kan bly nie…** Niemand kan hiervan wegvlug nie. Indien God maar net sondaars vryspreek bloot omdat Hy hulle liefhet, sou Hy dit moes doen TEN KOSTE VAN SY REGVERDIGHEID! God sou teen Homself moes ingaan, God sou teen sy eie verbond moes ingaan, wat God Self met die mens gesluit het.

In die verbond van die Here word duidelik vir die mens gewys hoe ons moet optree, maar dieselfde verbond bepaal ook hoe God sal optree. God sal Hom ten alle tye aan sy eie verbond hou. So lees ons in Numeri 23:19- *God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?* In 2 Tim 2:13 staan dit duidelik- *As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.* En dan lees ons hiermee saam- Romeine 3:3-4: *Want wat maak dit as sommige ontrou geword het? Sal hulle ontrou miskien die getrouheid van God vernietig? Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: Sodat U geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou.*

Die geregtigheid op grond van God se eie verbond eis dat God aan Homself getrou moet wees. Elke woord wat God spreek, óók die woorde in die paradys reeds uitgespreek dat die sonde sal die dood bring, kan op geen stadium maar vergete wees nie. In V/A 11 van die Kategismus antwoord ons dan ook- **God se geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word- dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.**

Die feit dat God se regverdigheid dit van God Self eis, dat alle sonde nou en vir ewig gestraf moet word en dat niemand hierdie straf sou kon vryspring nie, dit bring ons by die vraag watter straf God daargestel het dat daar aan sy eie regverdigheid voldoen kon word. Die grootste straf wat daar vir 'n mens kon wees is die straf wat oor die mens moes kom. Doe omvang, die intensiteit, hoe lank, hoe aanhoudend die straf sou moes wees, sal ons lank oor kan wonder, maar die feit is dat daar geen mens sou kon wees wat hierdie straf sou kon dra nie. Die straf wat God Self tevrede moes stel is al straf wat werklik vir ons sonde sou kon betaal. Dit is wat ons in Jes.1:27 ook lees- *Sion sal deur strafgerig verlos word en die van*

hom wat terugkeer, deur geregtigheid. Al manier hoe daar verlossing kon kom is deur strafgerig, dit is ook al manier hoe God se geregtigheid op die einde ons verlossing sou kon wees deur strafgerig. Straf moes daar wees en hierdie straf sou geen mens kon dra nie.

***

Broeder en suster, daarom dat paragraaf 2 van die Dordtse Leerreëls saam met die allesomvattende reg van God (par.1) ook uitkom by die oneindige barmhartigheid van God (par.2). Op die wyse wat geen mens dit kon verdien nie het God vanuit sy grenslose barmhartigheid uit Homself sy Seun as Borg vir ons sonde gegee. Die woorde in Hebreërs 7 mag ons nie verbygaan nie. Hebreërs 7:22- *in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.* En dan lees ons vv.26-27 hiermee saam- *Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.*

Dit wat Jesus eenmaal moes doen was om vir ons die straf en die vloek op die sonde te dra. Vir ons het Hy 'n vloek geword- Gal.3:13 - *Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—* Dit alles wat op ons moes kom het Christus op Hom geneem. Hy het die reg en die liefde van God op 'n volmaakte wyse bymekaar kon uitbring. Hy neem ons vloek op Hom dat die reg wat daar by Hom was weer op ons kon wees. Die volmaakte omruiling het in hierdie vervulling deur Christus se dood plaasgevind. Die krag van Christus se dood het die toorn van God oor die sonde weggeneem. God het in wat Christus vir ons kom doen het sy volle reg in vervulling laat gaan. Die enigste redding wat daar vir die mens kon wees sou alles deur God aan die mens geskenk moes word. Dit is waarom ons in Christus alles ontvang het waarmee daar na God gegaan kan word.

Ons het nou 'n Borg. Dit is waarmee ons hierdie week mag ingaan. In Hebreërs 7:22 het ons mos klaar gehoor Christus het van 'n beter verbond Borg geword. 1 Petrus 3:18 sluit ook so duidelik hierby aan- *Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees…* Ja, broeder en suster daar is sovele gedeeltes in die Here se Woord wat keer op keer maar net bevestig wat ons hier bely- Dink maar ook aan Rom. 5:8- *maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars*

was. Ja, hoe duidelik het Jesaja in hfst. 53 dit ook al geprofeteer- *Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

Die geheim van die plek bekleding is waar dit alles op aankom. Christus wat in ons plek gekom het dat ons nou in sy plek kan kom. Die werkverbond het ’n genadeverbond kon word. Die werkverbond wat Adam nie kon nakom nie, dieselfde werkverbond het die tweede Adam wel nagekom, so het Christus die werkverbond gehandhaaf, ook die straf wat hierdie verbond sou eis en ook die geregtigheid as loon op die nakoming van die verbond dit het Christus verdien, sodat hierdie werkverbond vir ons die genadeverbond kon word. Dit is belangrik dat ons sal besef Christus se koms het nie daarmee te make soos die Arminiane wel leer dat Christus het eintlik aan God die reg gegee om nou sy ou verbond af te skryf en in die plek daarvan ’n totaal nuwe verbond met ons op te rig nie. Volgens die Arminiane is die tweede verbond in Christus nou ’n heel makliker verbond en word ons wel in staat gestel om uit onsself aan die eise van hierdie tweede verbond te voldoen. Ons moet nou wel 100% aan die eise van die nuwe verbond kan voldoen.

Broeder en suster, as dit waar moes wees, dan moet ons ook nie meer na die Wet van die Here luister nie, dit is mos ook deel van die ou dinge, die ou verbond. Terwyl ons reeds vandag weer daarna geluister het, want ons glo soos wat God ’n ewige verbond opgerig het, so is die Tien Gebooie die ewige Wet van God. God se ewigheid in in sy werke teenwoordig. God sal nie ’n gebod en ’n verbond met ons oprig as God nie daarmee ewige waarde en betekenis ons wil skenk nie.

Die Arminiane dwaal op hierdie punt al vêrder weg, wat natuurlik met ’n dwaling gebeur. As jy op een punt begin dwaal dan raak dit soveel ander dele dat jy eintlik heeltemal verdwaald begin raak. As die verbond in Christus volgens die Arminiane ’n totaal nuwe verbond vir ons is, dan wil hulle beweer hierdie nuwe verbond eis nie meer van ons gehoorsaamheid aan die Wet van God nie, maar in die plek van die gehoorsaamheid het God nou ’n nuwe vereiste vir ons verlossing gestel en dit is dat jy as mens moet kan bewys jy glo voordat jy verlos kan word. Dit klink so reg as mens dit hoor, maar as jy hierdie geloof beskou as jou betaling, as jou prestasie op wat God vir jou gedoen het, dan het die dwaling reeds sy loop begin neem.

Die Gereformeerde wil dit anders glo. Ons glo dat Christus het aan die vereistes van die Wet voldoen en daarom het Hy ons wat sondaars is gered deur in ons plek alles wat God se oorspronklike verbond van ons eis ten volle na te kom en het die oorspronklike verbond eintlik net nog ’n dieper en kragtiger betekenis in ons lewens moes verkry. Die Arminiaan hierteenoor sê anders- Hulle glo dat Christus het die sondaars kon verlos deurdat Hy God tevrede gestel het. God die Maker en Gewer van die Wet het volgens die Arminiane in Christus die behae gehad dat God deur Christus as Wetgewer nou in staat gestel om ’n nuwe verbond met ’n nuwe wet (die wet van jy moet glo) met ons op te rig. Omdat daar nou die nuwe “wet” in Christus is, volgens hulle selfs ’n makliker wet om na te kom, daarom kan ons daarby uitkom dat ons geloof kan maak dat ons verlos word.

So bly daar van die lering dat God wat oorspronklik alleen net hulle red wat Hy reeds lank tevore- voor die grondlegging van die wêreld!- uitverkies het, niks oor nie. Die Arminiaan bly glo dat alles begin daarby dat jy moet glo en so bepaal jy eintlik ook of jy finaal uitverkies sal wees of nie! Volgens wat die Arminiane dan eintlik vir ons wil sê is dat Christus het nie die vergewing van ons sondes vir ons verdien en verwerf nie, maar Christus het eintlik dit vir God moontlik gemaak dat God nou in Christus nuwe voorwaardes kon stel waar God dan met hierdie nuwe voorwaardes vergewing van ons sondes vir ons kan skenk. Heeltyd stel hulle asof die nuwe verbond die oue moes vervang. Die oue wat jou liggaam en siel as losprys geëis het, dat daar ’n offer moes plaasvind, is afgehandel. Die nuwe verbond het dan nie finaal net met die offer van Christus te make nie, nie Christus se gebreekte liggaam is wat die finale offer kan wees nie, maar die mens se gebroke hart is waar jou redding lê. Christus se dood het volgens die Arminiane groter waarde om die ou verbond tot niet te maak, as wat dit waarde sou hê vir die betaling en vergewing van ons sonde.

Oor die verdere konsekwensies van hierdie Arminiaanse grond dwaling laat ons hier. Die feit is deur hierdie geloof van die Arminiane is ons weer terug by die verwerping van hfst1 van die Dordtse Leerreëls dat die uitverkiesing van God misken word. Christus het nie volgens hulle aan die reg van God moes voldoen nie, nee Hy het moes sterf om die reg van God te verander. Daar is ’n groot verskil sou mense dit glo. Ons sal by die volgende paragrawe nog weer hierop terugkom. Laat ons afsluit deur te sê ons glo nie soos die Arminiane dat ons geloof ons regverdigmaking verdien nie, maar deur die geloof ontvang ons Christus se regverdigmaking asof dit ons eie is en kan ons dit deur die geloof wat ons ontvang het ook ons eie maak. Volgende keer sal ons nog verder daarop ingaan wat die krag en die waarde

van Christus se offer verder alles insluit. Dit gaan in alle geval oor die genoegsaamheid van die offer van Christus.

AMEN